
REISA
Renewable Energy Investments South Africa

# KWARTAAL 2 2023 NUUSBRIEF





## GRONDSLAGFASE- ONDERSTEUNINGSPROGRAM



Vroeër hierdie jaar het ons die Grondslagfase-ondersteuningsprogram bekend gestel om die gehalte van onderrig by ons drie Ubuntu-laerskole, naamlik Deben, Maikaelelo en Noord-Kaap Laerskool, te verbeter.

Hierdie omvattende inisiatief sluit die implementering van die NeuroNet Leer-klaskamerverrykingsprogram in, wat 'n leerprogram vir ouers, versorgers of voogde van Grondslagfase-kinders is. Die program fokus op noodsaaklike lees, wiskunde en handskrifvaardighede en benut beweginggebaseerde leertegnieke wat op neurowetenskaplike navorsing gegrond is.

Hierbenewens het ons ook die Bringing Parents to the Education Table-program (BPET-program) bekend gestel, wat daarop fokus om ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoeding te verhoog; sterker onderwyser-ouerverhoudings te kweek; en die akademiese prestasie van leerders te verbeter. Deur die BPET sal ons Grondslagfase-onderwysers toerus en ondersteun om werkswinkels met ouers by hulle onderskeie skole te hou.

Sedert die implementering daarvan het die REISA Ubuntu-skoolprojekte 'n geweldige impak op leerders, hulle onderwysers en ook ouers gehad. **Die doel van hierdie vlagskipprojek is om maatskaplike samehorigheid te bevorder deur portuurleer en die deel van goeie praktyke en geriewe tussen skole aan te moedig.**



## BOELIEVELDTOG BY UBUNTU-SKOLE

In ons deurlopende pogings om maatskaplike ondersteuningsdienste te verskaf, het ons onlangs 'n sterk teenboelieveldtog by ons Ubuntu-skole geloods as 'n tussenkoms vir die gevalle van boeliegedrag wat by die skool aangemeld is.

Hierdie tussenkoms is ontwerp om leerders bewus te maak van die nadelige uitwerking van boeliegedrag en 'n zeroverdraagsaamheidsbeleid teen sulke gedrag te versterk. **Verskeie belanghebbers, insluitend die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het aan die veldtog deelgeneem.**

# JEUGMAANDONDERSTEUNING: **NETBALTOERNOOI**



Om jongmense gedurende Jeugmaand te vier en op te hef, het ons met trots die Top-4 Netbaltoernooi geborg wat op 24 Junie 2023 deur die Jaguars Netbalklub in die Siyathemba-gemeenskap aangebied is.

Die toernooi het die uitnemende talent van jongmense in die sportarena ten toon gestel. Die borgskap het prystoekennings en "Netball Friday"-T-hemde vir die dag van die toernooi ingesluit. Die toernooi het ook die Netbal Trofeetoer en die 2023 Netbal Wêreldbeker bevorder.

**Ons loof die Jaguars Netbalklub en al die deelnemers vir hulle toewyding en sportmanskap!**

# TWEE NUWE **BEURSONTVANGERS**



**Ketshepaone Moremi het haar dank uitgespreek en gesê:** "Ek is baie dankbaar teenoor REISA Solar dat hulle my 'n platform gee om my drome te verwesenlik."

Ons is opgewonde om die toevoeging van twee ontvangers van die REISA-beursprogram aan te kondig, naamlik Kago Mojaki en Ketshepaone Moremi.


Albei studente, uit die Mapoteng-gemeenskap en Gamagara Hoërskool, het vol beurse ontvang om vir 'n baccalaureusgraad in Opvoedkunde by die Sol Plaatje Universiteit te studeer. Ons is trots om hulle drome te ondersteun en aan hulle die nodige gereedskap te verskaf om sukses te behaal, insluitend skootrekenaars.

Hierdie beursprogram fokus uitsluitlik op leerders uit gemeenskappe binne 'n 50 km-radius van die sonkraggerief. Dit sluit Kathu, Olifantshoek, Dibeng, Siyathemba, Babatas en Mapoteng in. Die fokus is daarop om by te dra tot studiegebiede wat as kritiek vir die Suid-Afrikaanse ekonomie beskou word, byvoorbeeld onderwys, ingenieurswese, natuur- en sosiale wetenskappe, omgewing en verpleging. Die fonds dek onderriggeld, verblyf, skryfbehoeftes, handboeke, skootrekenaar, administrasiegeld, maaltye, vervoer en 'n leeftoelae.

# 2023 **GEMEENSKAPS-VERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op REISA se aanlynplatforms deurgegee word.

# EKONOMIESE BESTEDING **KWARTAAL 2 2023**




# KONTAK **ONS**


REISAcommunity

Dynlog Bestuursontwikkeling Gebou
Blok B, Grondvloer, Kantoor 1
Kameeldoring Besigheidsone, Kathu, 8446

**Kantoorure:**
Maandag – Donderdag: 08:00 – 16:30
Vrydag: 08:00 – 15:00
Kantoor | 053 723 1146

**Gemeenskapskakelbeampte**
Nomfundo Mpompo
Office | 053 723 1146
Nomfundo.mpompo@eimsafrica.com